

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2016

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE OP SUID-AFRIKAANSE STUDENTE IN DIE 1970's GEHAD?

### BRON 1A

Hierdie uittreksel fokus op die invloed wat die Swartbewussynsfilosofie gehad het op die Soweto-opstand van 1976. Dit was in 1978 geskryf deur John Kane-Berman, wat 'n lid van die SR aan die Universiteit van die Witwatersrand was.

Een van die belangrikste faktore wat die nuwe gees van selfgelding (selfvertroue) wat so duidelik onder die swart jeug in baie dele van die land was verduidelik, is die groei van die Swartbewussynfilosofie. Dit is een van die belangrikste ontwikkelings in Suid-Afrika in die afgelope jaar ... Omstreeks dieselfde tyd, het swart studente, ná baie selfondersoek, weggebreek van die veelrassige maar wit-gedomineerde *National Union of South African Students* (NUSAS) om die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) te vorm. Daarna is talle organisasies wat Swartbewussyn bevorder het, gevorm, insluitende die Suid-Afrikaanse Studente beweging (SASM) onder skoolkinders en die *Black People's Convention* (BPC), 'n politieke organisasie, waarvan Steve Biko die ere-president was tot op daardie tydstip van sy dood...

Die mate van getrouheid (lojaliteit) aan SASM en die mate waarin skoolkinders in die algemeen, met die Swartbewussyn identifiseer is nie geredelik meetbaar nie. Weereens, wil dit voorkom asof die impak op beide Swart en Kleurlingskoolgangers, en veral op hul leiers, baie groot was. 'n Klein, maar beduidende voorbeeld van hoe swartes se selfbeelde verander het en van hul groeiende gereedheid om op te tree is verskaf deur leerlinge by 'n Kleurling hoërskool in die Kaap. In November 1976 het meer as 100 van die 180 leerlinge 'n eksamen oor 'n boek genaamd Swart Pelgrim deur FA Venter geboikot. In die verlede het hulle nie beswaar gemaak teen hierdie boek nie, maar nou het hulle gesê dat dit bevooroordeeld was omdat dit swartes in 'n minderwaardige lig gestel het, en dat dit frustrerend en vernederend was. Die enigste goeie ding oor dit was dat dit gewys het hoe blankes die swartes uitgebuit het. Die studente het afskrifte van die boek opgeskeur en verbrand.

[Vanuit*: SOWETO Black Revolt, White Reaction deur* J Kane-Berman]

### BRON 1B

Die volgende is 'n uittreksel van Steve Biko se kommentaar oor die rol van die filosofie van Swartbewussyn tydens die Soweto-opstand.

Waar is die bewyse van steun onder die jonger geslag vir Swartbewussyn? In een woord: Soweto! Die vrymoedigheid, toewyding, doelgerigtheid, en die duidelikheid van die ontleding van die situasie – al hierdie dinge is beslis 'n gevolg van die Swartbewussynsidees onder die jong generasie in Soweto en elders. Maar dit kan nie gemeet word. Die mag van 'n beweging lê in die feit dat dit inderdaad die gewoontes van mense kan verander. Hierdie verandering is nie die gevolg van dwang nie, maar van toewyding, van morele oortuiging. Dit is wat deur gedring het tot die jong mense. Hulle besef dat ons nie slegs die blote brood-en-botter kwessies hanteer nie.

[Vanuit: Steve Biko Speaks for Himself in News and Letters, November 1977]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 1C**

Hierdie foto toon aan hoe studente opmars in Soweto op 16 Junie 1976.




**DO NOT WANT AFFRIKAANS /**

**WIL NIE AFRIKAANS HÊ NIE**

**TO HELL WITH AFRIKAANS /**

**HEL TOE MET AFRIKAANS**

[Vanuit: *South Africa 1948 – 1994* deur M Roberts]

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 1D**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur president Nelson Mandela by die herdenking van die twintigste herdenking van Steve Biko se dood in Oos-Londen op 12 September 1997.

Ons is hier vergader om hulde te bring aan een van die grootste seuns van ons nasie, Stephen Bantu Biko. Sy hoop in die lewe, en sy lewe van hoop, is vasgevang in sy klinkende woorde, 'In tyd, sal ons in staat wees om aan Suid-Afrika die grootste moontlike geskenk te gee - 'n meer menslike gesig.'

Geskiedenis het Steve Biko opgeroep op 'n tyd toe die politieke pols van ons mense verswak was deur verbanning, tronkstraf, ballingskap, moord en verbanning. Onderdrukking het die land skoongevee van alle sigbare menslike organisasies.

Van die begin af, het swartbewussyn homself verwoord as 'n "houding van gees, 'n manier van lewe' ... dit het die vasberadenheid van beide leiers en die massas gevuur. Die dryfkrag van Swartbewussyn was om trots en eenheid te bewerkstellig onder al die verdruktes, om die strategie van verdeel-en-heers omver te werp, om trotsheid onder ons mense voort te bring en vertroue in hul vermoë te bring om van hul onderdrukking ontslae te raak. Een van die grootste nalatenskap van die stryd wat Biko gevoer – en waarvoor hy gesterf het – was die ontploffing van trots onder die slagoffers van apartheid.

... Dit is dan 'n gelukkige sameloop van die geskiedenis dat Steve Biko vereer word met 'n brons standbeeld, deur Naomi Jacobson ... die finansiële koste van die standbeeld was geanker deur mense in die kreatiewe veld, insluitend Denzel Washington, Kevin Kline (Amerikaanse film-ikone) en Richard Attenborough, wat onthou sal word vir die film op Biko, 'Cry Freedom'. Nog 'n bydraer is Peter Gabriel, wie se liedjie "Biko" gehelp het om die vlam van anti-apartheid solidariteit aan die lewe te hou.

Ons is vol vertroue dat deur die verkryging van 'n nuwe en voorspoedige nasie, ons die stryd sal voortsit waarin Steve Biko die hoogste prys betaal het. Ons hoop dat met die onthulling van hierdie standbeeld, die herbenoeming die brug en die verklaring van sy huis in Ginsberg tot nasionale monument, ons ons eie nederige bydrae tot die verewiging van sy lewe ma.

[Vanuit: www.anc.org.za/show.phd?id=3148. Toegang verkry op 25 April 2016.]

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISIE (WVK) MET DIE VERLEDE GEDEEL?**

**BRON 2A**

Hierdie bron is geneem vanuit 'n adres deur die voormalige president van Suid-Afrika, Thabo Mbeki. Dit was gehou op die 10de herdenking van die WVK op Vryheidspark, Tshwane.

In ons land val hierdie moeilike taak om die afgeweke elemente te versoen en hulle saam te laat staan in ons samelewing op die skouers van die WVK.

Deur dit te doen, moes hulle self die verskrikkinge, die pyne, die ellendes, beroering (bekommernisse) en lusteloosheid (toestand van fisiese of geestelike moegheid) ervaar wat die slagoffers en die families van die slagoffers van die misdaad van apartheid deur gegaan het. Hulle moes ook hulself in die posisie van die oortreders van growwe menseregte skendings plaas, wat werklik berou en spyt betoon het en bereid was om vergifnis te vra en sodoende ons samelewing help om vorentoe te beweeg.

Hierdie verskrikkinge, pyne en ellendes, wat vir 'n vergewende gees blyk asof dit lank gelede gebeur het, het 'n dekade gelede plaasgevind. Gelukkig, omdat ons mense toegerus is met die gees van Ubuntu sal ons voortgaan met die moontlikheid om 'n verenigde, nie-rassige en nie-seksistiese samelewing te bou …

Soos ons bewus is oor die afgelope jaar, het die regering stappe geneem om die aanbevelings van die WVK te implementeer. Dit sluit in vergoeding aan slagoffers, in die vorm van:

- Toekennings en beurse
- Die skepping van herdenking simbole en monumente soos die Vryheidspark
- Die waardige herbegrafnisse van slagoffers van apartheid
- Maatskaplike pensioen en behuising


[Vanuit: www.dfa.gov.za/docs/speeches/2005/mbeki1216.htm. Toegang verkry op 27 April 2016.]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 2B**

Hierdie is 'n foto van Joyce Mtimkulu, die moeder van Siphiwo Mtimkulu. Sy het 'n gedeelte van Siphiwo se hare vir meer as 20 jaar gehou.




Vanuit: Truth and Lies: Stories from the Truth and Reconciliation Commission in South Africa, deur J Edelstein]

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 2C**

Dit is 'n uittreksel vanuit 'n koerantartikel wat in die *Daily Dispatch* ('n koerant in die Oos-Kaap wat bekend was vir sy anti-apartheid sieninge). Dit was geskryf tydens die tyd van die amnestieverhore van die veiligheidspolisie-amptenare wat betrokke was by Siphiwo se moord.

# Familie stort ineen by WVK verhoor

Port Elizabeth – Chaos het gister uitgebreek by die WVK verhoor in New Brighton toe die moeder, dogter en seun van die vermoorde aktivis Siphiwo Mtimkulu in een gestort het toe 'n voormalige veiligheids polisieman getuienis gelewer het.

Polisie moes 'n woedende skare terug druk toe hulle die verhoog, waar die bejaarde Mev. Joyce Mtimkulu en tieners Aleuta en Sikumbuzo op die vloer gelê en huil het, wou bestorm. Dit het gebeur toe Generaal Nic van Rensburg die WVK vertel het hoe Mnr. Mtimkulu in die agterkop geskiet was en op 'n stapel gesit was om te brand. Die hard huilende Sikumbuzo moes van die verhoor af gedra word.

Die rustelose gehoor in die Centenary-saal het sirkels gevorm, getoi-toi en vryheidsliedere gesing terwyl Gen. Van Rensburg, wie gister erken het dat hy vir die Harms Kommissie gelieg het in 1990 oor die moorde op Mnr. Mtimkulu en Mnr. Topsy Madaka, die verhoog verlaat het.

Hy het getuienis gelewer oor die skietery op die aktiviste in die Cradock-distrik in 1982.

Die verhoor het sowat 15 minute later hervat toe Mev. Mtimkulu en Aleuta – wie uitgeput en moeg voorgekom het – herverskyn en in die voorste ry gaan sit het. Daar word geglo dat 'n lid van die verdediging klaarblyklik gesê het dat " dit was 15 jaar en nou eers wil hulle f*kken huil".

Gen. Van Rensburg het aan die amnestiekomitee gesê dat hy blatant gelieg het voor die Harmskommissie in 1990 toe hy ontken het dat hy geen kennis gedra het van die dood van Mnr. Mtumkulu in 1982 nie. Mev. Mtimkulu het verlede jaar getuig oor haar seun, en gepleit dat sy oorskot oorgegee moes word vir 'n ordentlike begrafnis. Haar hare het sneeuwit geraak sedert haar laaste verskyning.

Kol. Du Plessis en Gen. van Rensburg het skuldig gepleit op die ontvoering en skiet van Mnr. Madaka en Mnr. Mtimkulu op 14 April 1982 op die bevel van Gen. Erasmus.

Kol. Nieuwoudt het ook erken dat hy betrokke was by die moorde.

[Vanuit: *The Sowetan*, 23 Augustus 1996


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 2D**

In Graeme Simpson se artikel, *Tell No Lies, Claim No Easy Victories: A brief evaluation of South Africa's Truth and Reconciliation Commission*, praat hy oor twee mense wat voor die WVK getuig het.

Mev Mlangeni – die moeder van Bheki Mlangeni

– wie se seun doodgemaak was deur 'n bom wat geplant was deur die Suid-Afrikaanse Veiligheidstak in die oortoestel van sy Walkmankassetspeler. Ten spyte van haar status as 'n oorlewende het Mev Mlangeni haarself as dood beskryf toe sy sê: 'Julle het een lid van my familie doodgemaak en nou is die hele familie dood …. Soos ons nou dood is.'

Mnr. Sithole – die vader van 'n ANC-guerrilla wat gedood is tydens diens/aksie

– het terselfdertyd geen melding gemaak van vergifnis nie. Hy het erken dat sy seun 'n voormalige vegter was – en hy het geen verrassing of woede uitgebeeld teenoor die feit dat hy vermoor was nie: 'Ek verstaan waarom hy vermoor was. Hy het geveg vir dit wat ons vandag het, demokrasie, verandering.' Maar Mnr Sithole het verder gesê: 'Wat ek wil hê, is dat die wêreld moet weet dat die mense waarvoor hy geveg het nou in posisies van ware mag is en dat ek niks is nie. Wat sal hulle nou vir my doen'

[Vanuit: http://www.csvr.org.za/wits/articles/artcyal.htm. Toegang verkry op 27 April 2016.]

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN GLOBALISASIE OP DIE LEWENS VAN GEWONE MENSE IN DIE NUWE WÊRELD-ORDE?

### BRON 3A

Hierdie bron verduidelik die voordele van globalisasie deur handel wat 'n manier vir lande was om goedere en hulpbronne te verruil.

Globalisering kan alle lande, ryk of arm, bevoordeel indien daardie land bereid is om oop te wees vir internasionale handel. Hulle moet nie net oop wees vir wêreldmarkte nie, maar hulle moet dit op 'n strategiese manier doen gebaseer op hoe hulle land regeer word ten einde voordeel daaruit te trek vanuit handel. Deur globalisering presies op dieselfde manie te praktiseer, deur 'n stel regulasies kan tot die ekonomiese ondergang van 'n land lei. Deur die beste manier te kies om met internasionale handel betrokke te raak, kan 'n land ekonomies sowel as sosiaal groei. Deur gebruik te maak van 'n land se vergelykende voordeel, of wat hulle kan produseer teen 'n laer geleentheidskoste as ander lande, kan hulle al die voordele van handel kry. As elke land 'n vergelykende voordeel sou hê beteken dit dat almal kan voordeel trek uit handel. Daar is merkwaardige bewyse dat globalisering lande help 'n hoër inkomste of 'n hoër BBP uit te brei en te bereik. Navorsing was gedoen op nasionale inkomste regoor die wêreld gedurende die 1990's en resultate het getoon dat die inkomste van 'n ryk geglobaliseerde lande met 2% per jaar vermeerder het. Die resultate toon ook dat swak, meer geglobaliseerde lande 'n hoër styging in inkomste per jaar het as arme, minder geglobaliseerde lande. Eintlik, volgens hierdie navorsing, het die arme, meer geglobaliseerde lande 'n toename in inkomste van 5% per jaar, terwyl die arme, minder geglobaliseerde lande 'n afname van 1% per jaar het. Aan die ander kant, word daar voorgestel dat daar 'n groot gaping tussen die rykes en die armes is. In 1960 was die gemiddelde inkomste van die rykste 20 lande 15 keer hoër as die armste 20 lande. Vandag is die inkomste van die rykste 20 lande 30 keer hoër.

[Vanuit: http://www.edu-mthong/benefits of globalisation.htm#. Toegang verkry op 27 April 2016.]

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 3B**

Hierdie foto wys ŉ demonstrasie wat in November 2006 gehou was teen die IMF en die Wêreldbank.




Gaan na die hel met julle hulp

Vanuit: http://1123.photobucket.com/albums/o319/vegan0wer/S2010133.ipg&ipg&imgrefurl=http:news.infoshop.org/article.php. Toegang verkry op 27 April 2016.]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 3C**

Die bron beskryf die impak van globalisering van lande regoor die wêreld. Dit verduidelik die verhouding tussen die IMF, Wêreldbank en die WHO, en hoe hulle die ekonomies van die lande regoor die wêreld beïnvloed het.

Die IMF, Wêreldbank en die WTO werk saam in 'n ysterdriehoek om die korporatiewe plan van privatisering, deregulering (verwydering van beheer), en "vrye"-handel uit te voer. Hoewel die Wêreldbank en die IMF oorspronklik gestig was om deel te wees van die Verenigde Nasies, was hulle altyd beheer deur bankiers en ekonome van die Verenigde State van Amerika en Europa.


Terwyl hulle uiterlik ekonomiese groei, finansiële stabiliteit en ontwikkeling bevorder, het die Wêreldbank en die IMF meer as 60 lande gedwing om hul woude, minerale, visserye, landbougrond, arbeidsmag en finansiële markte vir buitelandse beleggers oop te stel. Hulle het binnelandse behoeftes soos plaaslike gemeenskappe en binnelandse sake, die beskerming van werkers, vroue, gemarginaliseerde mense geïgnoreer, asook die beperkings op die vermoë om die natuur te ontgin en te besoedel.

Lande word gedwing om hul ekonomieë te erken om te produseer vir uitvoere ten einde die harde valuta te genereer wat nodig is om lenings af te betaal van onverantwoordelike leners soos die Wêreldbank en die IMF. In plaas daarvan om voedsel te verbou vir plaaslike verbruik, byvoorbeeld, voer lande nou luukse gewasse uit soos sneeu-ertjies in tye van hongersnood en voedseltekorte. Beskerming vir inheemse mense, werkers en die omgewing word opgeoffer om buitelandse beleggings te lok.

[Vanuit: History for all, Grade 12, deur E Brink, M Malinga et al]

**BRON 3D**

Hierdie bron beklemtoon die lewensomstandighede in Mumbai, Indië. Dit was in Julie 2011 gepubliseer.



[Vanuit: www.poverties.org/poverty-in India.html. Toegang verkry op 27 April 2016]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## ERKENNINGS

Brink, E *et al* 2012 Solutions for all History Grade 12 Macmillan SA

Daily Dispatch 25 September 1995

Dlamini N *et al* 2007 Shuter's History. Shuter & Shooter Publishers LTD

Edelstein, J 2005 Truth and Lies: Stories from the Truth and Reconciliation Commission in South Africa

http://1123.photobucket.com/albums/o319/vegan0wer/S2010133.ipg&ipg&imgrefurl

http://www.csvr.org.za/wits/articles/artcyal.htm

http://www.edu-mthong/benefitsofglobalisation.htm#The Benefits of Globalisation

http://www.toonpool.com/cartoons/Globalisation_30593#img9

http://yaleglobal.yale.edu/content/globalization-you-cant-stop-life

Kane-Berman, 1978.Soweto Black Revolt, White Reaction

Steve Biko Memorial Lectures 2000-2008. 2009,Macmillan SA

www.anc.org.za/show.phd?id=3148

www.dfa.gov.za/docs/speeches/2005/mbeki1216.htm

www.poverties.org/poverty-in India.html

eduresourceza.com

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com